

# 5

## DIE BYBEL VERTEL GELOOFSVERHALE

### *In my familie is daar ook geloofsverhale*

#### **GESINSLES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders en ouers moet weet dat geloofsverhale nie in die Bybelse tyd opgehou het nie, maar dat elke gelowige vandag ook 'n geloofsverhaal het.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLINGS**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet dat elke gelowige 'n geloofsverhaal het.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet –

- bereid wees om hulle geloofsverhale met mekaar te deel; en
- verstaan dat hulle geloofsverhale nie meer indrukwekkend as 'n ander s'n is nie.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet selfvertroue kweek en hulle geloofsverhaal met ander gaan deel.

#### **MEER INLIGTING**

Die Bybel vertel hoe God mense se lewens aangeraak het.

- Die geskiedenis van Rut vertel van so 'n gebeurtenis.
- Rut het die Here nooit geken voordat sy met Naomi te doen gehad het en later met Boas, die Israeliet, getroud is nie.
- Sy het grootgeword in 'n land wat ander gode aanbid het.
- Die verhaal vertel dat Naomi, haar man en hulle twee seuns tydens 'n hongersnood in Moab gaan bly het.
- Daar is haar seuns getroud met Orpa en Rut.
- Na haar man en seuns se dood is Naomi en haar skoondogters, Orpa en Rut, skielik alleen gelaat.

- Rut het geweier om haar skoonma alleen terug te laat gaan na haar geboorteland.
- Rut het by Naomi geleer om die Here te vertrou.
- God sorg vir sy kinders.
- Rut het soos Naomi op God vertrou.
- Boas het na Rut omgesien en vir haar gesorg.
- So het Boas vir Rut die teken geword van God se sorg en liefde en teenwoordigheid.
- God het vir Rut 'n man in Boas gegee en ook 'n seun wat later Dawid se oupa geword het.
- 'n Geloofsverhaal vertel altyd eerste van God se daede en sy wonderlike sorg.
- Elkeen van ons se lewens is ook so 'n geloofsverhaal.
- Die Here het ook ons lewens gered en vir ons 'n plek gemaak in sy huisgesin.

## AANBIEDING

### Jy het nodig

- Die Bybel.
- Lees tuis Rut 1-4 en maak seker dat jy dit wat in VANDAG LEER ONS in die sirkels hieronder gevra word, onder die knie het.
- 'n Ruimte waar die gesinne van die kinders in die klas gemaklik bymekaar kan sit.
- Elke gesin bring die fotoalbums soos in die vorige les met hulle gereël is, asook die geloofsverhale wat hulle voorberei het om te deel.
- Reël met een kind se ouers om eerste hulle verhaal te deel. Dit sal aan die ander ouers vrymoedigheid gee om ook deel te neem.

## KOM ONS BEGIN

Begin met 'n gebed, of laat een van die ouers 'n gebed doen soos vooraf met hom of haar gereël is.

## HET HULLE ONTHOU?

- Laat 'n paar kinders die memoriseerteks van verlede week opsê.
- Laat hulle vertel hoe Moses, Samuel en Maria geroep is en wat hulle opdrag was. Help hulle reg sodat hulle die regte antwoorde kan invul.

 <b>Teksgedeelte(s)</b>	 <b>Hoe het God geroep?</b>	 <b>Wat was die opdrag?</b>
<b>Moses</b>  Eksodus 3: 1-10 Eksodus 4: 10-17	<i>Die engel van die Here het in 'n vlam, binne-in 'n brandende doringbos, verskyn. Die bos het aanhou brand maar nie uitgebrand nie.</i>  <i>God het gesê: "Moses, Moses!"</i>	<i>God stuur hom na die farao sodat hy die Israëliete uit Egipte kan bevry.</i>  <i>God sal by hom en Aäron wees, ook as hulle moet praat, en hulle leer wat om te doen.</i>


<p><b>Samuel</b></p> <p>1 Samuel 3: 1-18 1 Samuel 9: 17-27</p>	<p><i>Die Here het Samuel geroep terwyl hy geslaap het in die tempel waar hy diens gedoen het.</i></p> <p><i>Die Here het gesê: "Samuel, Samuel!"</i></p>	<p><i>Hy moes aan Eli die openbaring van God gaan oorvertel.</i></p> <p><i>Hy moes die eerste koning van Israel self.</i></p>
<p><b>Maria</b></p> <p>Lukas 1: 26-38 Lukas 2: 1-20</p>	<p><i>Die engel van die Here het aan haar verskyn en met haar gepraat.</i></p> <p><i>Die engel het gesê: "Moenie bang wees nie, Maria. God bewys genade aan jou".</i></p>	<p><i>Sy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring. Sy moet Hom Jesus noem.</i></p> <p><i>Maria het alles wat oor Hom gesê is, onthou en baie daarvoor nagedink.</i></p>

## VANDAG LEER ONS

### BEGIN SO

- Heet al die ouers voor die klas welkom en gee 'n paar minute geleentheid dat hulle mekaar kan groet en na mekaar se welstand kan verneem – stel nuwe ouers voor aan die ander.
- Verduidelik aan hulle die doel van die byeenkoms, en nooi elkeen uit om spontaan aan die bespreking deel te neem.

Die gesinne moes die verhaal van Rut gedurende die week gelees het. Vind in die groot groep uit wat hulle van Rut weet aan die hand van die volgende hoofpunte. Begin by die boonste sirkel.



## Gespreksriglyne:

- **Wie was Rut voordat sy getroud is?** Sy was 'n Moabitiese meisie wat grootgeword het deur baie gode te aanbid.
- **Van watter geloof en kultuur was haar man?** Hy was 'n Israeliet, deel van die volk van God wat Hom as een en enigste Skepper en God aanbid en gedien het.
- **Wie het haar oor geloof geleer nadat haar man gesterf het?** Haar skoonma, Naomi.
- **Wie het Rut leer ken as haar en Naomi se versorger?** Die God van Israel.
- **Wat het Boas in Rut se lewe verander?** Boas het hom oor Rut ontferm en toegesien dat sy en Naomi genoeg kos het om van te lewe. Hy het later met Rut getrou en Naomi se man se grond en besittings teruggekoop sodat Naomi versorg kon wees. Boas en Rut het ook 'n seun gehad, Obed.
- **Wat het Rut van God geleer?** Sy het geleer om op God te vertrou omdat Hy almagtig is en altyd vir sy kinders sorg. Sy het ook geleer dat God se plan altyd redding vir sy kinders bewerk en dat Hy nie net hulle lewens red nie, maar dat Hy ook nuwe lewe gee. Rut was 'n jong hartseer weduwee wat God leer ken het, en 'n man en 'n seun gekry het.

## IETS INTERESSANT

Lees die inhoud by MEER INLIGTING saam deur en bespreek hoekom die verhaal van Rut 'n geloofsverhaal is.

## IETS BELANGRIK

- Maak seker dat die kinders verstaan dat enige mens wat God ken en met Hom in 'n verhouding leef, 'n geloofsverhaal het.
- 'n Geloofsverhaal is God se betrokkenheid in al die fasette van jou lewe.
- 'n Gelowige mens se lewensverhaal word daarom 'n geloofsverhaal.
- God is daarby betrokke.

## IETS OM TE DOEN

- Die kategeet begin die gesprek deur die gesinne aan te moedig om 'n geloofsverhaal uit hulle geskiedenis te vertel met behulp van hulle fotoalbums.
  - Begin met die ouers met wie vooraf gereël is om die gesprek aan die gang te kry.
  - Die doel is nie om die beste of die mees indrukwekkende verhaal uit te soek nie, maar om die kinders te leer dat daar nie net in die Bybel se tyd geloofsverhale was nie. Daar is vandag nog steeds geloofsverhale te vertel uit die lewens van baie mense.
  - Gesinne kan ook vertel wat hulle van die doop van hulle kinders kan onthou – as een van die hoogtepunte van hulle kinders se geloofsverhaal.

## BY DIE HUIS

### DOEN

Laat elke kind gedurende die week met iemand wat in hulle lewe 'n belangrike plek inneem, 'n gesprek gaan reël. Dit kan 'n ouer, 'n ouma, oupa, oom of tannie, 'n ander familielid, 'n onderwyser, dominee, ouer broer of suster, of enige iemand anders wees.

Laat hulle die volgende vrae met daardie persoon gaan deel. Hulle skryf die antwoorde onder die vrae in hulle boeke in. (Die gesprek kan ook telefonies of per e-pos gevoer word indien die volwassene nie naby is nie.)

1. Waar het hy of sy die eerste keer van God gehoor?
2. Op watter manier hou hy of sy stiltetyd?
3. Watter deel van die Bybel lees hy of sy die graagste?
4. Wat doen hy of sy in tye wanneer dit nie met hulle goed gaan nie?
5. Waaroor is hy of sy dankbaar teenoor God?
6. Waarvoor bid hy of sy wanneer hulle in gebed vir God iets vra?
7. Hoe sal hy of sy vir iemand anders verduidelik dat God bestaan en dat Hy kragtig in mense se lewens werk?

## LEER

Ons memoriseerteks is:

*Maar Rut het geantwoord: "Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan en om om te draai nie, want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God..." (Rut 1: 16)*

## AFSLUITING

- Bedank die gesinne vir hulle deelname en vir die verhale wat hulle kom deel het.
- Ons sluit af met Gesang 290 as gebed.

*Dit is my troos dat ek gedoop is,  
dat ek gedoop is in u Naam,  
want deur die doop is ek verseker  
dat U in guns U nooit nie skaam  
as Vader, Seun en Heil'ge Gees  
om ook my God genoem te wees.*

*Dit is my troos dat U, Heer Jesus,  
as Seun my deur u bloed wil was;  
dat U my inlyf in u sterwe  
en vrymaak van my sondelas;  
dat U my met U óp laat staan  
en op 'n nuwe weg laat gaan. Amen.*